Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2023-02-17

Geagte Ouers

NUUSBRIEF 4/2023

Fondsinsameling: Elke leerder het vandag ‘n voorafgenommerde lootjieboek ontvang. Die boekie bevat 20 kaartjies wat teen R 20 elk verkoop moet word (R 400). Verkoop asb. die kaartjies aan u vriende, kollegas en kennisse. Waardevolle pryse ter waarde van R 20950 kan gewen word wanneer die gelukkige trekking in die tweede kwartaal plaasvind. Hierdie boekie moet asb. veilig bewaar word. Alle boekies en die R 400 moet in die begin van die tweede kwartaal op Dinsdag 12 April 2023 aan die skool terugbesorg word.

Ons dank u by voorbaat vir die positiewe gesindheid teenoor hierdie projek. Die inkomste word gebruik om die skool se nuwe klubhuis asook belangrike instandhouding van ons voertuie te finansier.

Swem - Interhuisgala: Ons skool se interhuisgala vind op Dinsdag 21 Februarie om 10:00 by die swembad van Hoërskool Nico Malan plaas. ‘n Ingangsfooi van R 10 sal gehef word vir toeskouers. Alle leerders (Gr. RR-7) sal om 09:30 verdaag om die swemmers en personeel (beamptes) geleentheid te gee om by die swembad te kom en vir die begin van die gala voor te berei. Ondersteun asseblief die snoepie – ons Gr. 7-ouers het lekker versnapperings voorberei.

Die swemmer met die meeste punte (kriteria tabel) per ouderdomsgroep sal die swemmer van die dag trofee ontvang. Alle swemmers moet hul swart kostuums en ‘n swempet dra. ‘n Swembril is opsioneel. Swemmers moet hulle skoolsweetpakke oor hulle swemklere dra. ‘n Swart sportbroek en skool T-hemp is ook aanvaarbaar. Geen ander sweetpak, kostuum of T-hemp mag gedra word nie. Aan die einde van die dag sal daar ‘n lekker lawwe aflos vir die leerders, ouers en onderwysers wees.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Stultinggroete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF